## BOEKRESENSIES

### JAN. C. HEUNIS

UNITED NATIONS VERSUS SOUTH AFRICA (A Legal Assesment of United Nations and United Nations related Activities in respect of South Africa). Lex Patria, Johannesburg, 1986.

In die voorwoord tot hierdie boek vra dr. Heunis, regsadviseur vir die Departement van Buitelandse Sake in die Verenigde Nasies in 1979 en tans hoofregsadviseur vir die Kantoor van die Staatspresident, homself die volgende vraag af: "Has the United Nations, in its campaign against South Africa, played the game according to the rules – i.e. has it adhered to the principles and rules of law, whether embodied in the Charter or forming part of customary international law, which determine not only HOW the organisation should act but also provide the answer to the question when it MAY or MAY NOT act, or has its political preferences led it to violate the law?"

Met bogenoemde vraag in gedagte word dit by die leser algou duidelik dat die Verenigde Nasies nie alleen Suid-Afrika as swartskaap van die internasionale gemeenskap gebrandmerk het nie, maar dat daar ook in die veldtog teen Suid-Afrika nie by die grondbeginsels en voorskrifte van die internasionale reg gehou is nie. Alle metodes, hoe onwettig dit ook al volgens die internasionale reg mag voorkom, word ingespan om Suid-Afrika te isoleer en die Suid-Afrikaanse regering tot 'n val te bring.

Nie alleen word die verskillende organe van die Verenigde Nasies se bedrywighede teen Suid-Afrika deur die skrywer ontleed nie, maar ook die monstering van private internasionale organisasies se hulp. Dit is dàn ook met ontsteltenis dat die leser tot die besef raak in hoe 'n mate die internasionale gemeenskap Suid-Afrika reeds geïsoleer het.

Alhoewel aanvanklik as LL.D-proefskrif in 1984 aan die Randse Afrikaanse Universiteit ingedien, is die gegewens aangepas en bygewerk om in boekvorm te verskyn. Nie alleen kan hierdie werk by Geskiedenisstudente aanbeveel word nie, maar ook by algemene publiek.

N. WANDRAG